

24 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12
Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11, 12

Jy het alles ontvang, deel dit biddend uit!

Paulus was 'n uitstaande bemoediger en motiveerder. Hy het geweet hoe om sy gawes tot voordeel van ander gelowiges aan te wend. Kyk net na die Tessalonisense. Hy bemoedig hulle deur te getuig van die werk van Jesus Christus wat in hulle lewens vorm aanneem. Hulle lewe is 'n getuienis in die wêreld en vir ander gelowiges – want, sê hy, as hy na hulle kyk, kan hy nie anders as om God te dank nie. Waarom?

- ulle groei in die geloof, 'n daaglikse vooruitgang in die geloof (dit is waarvoor ons bid aan die einde van die nagmaalsformulier). Hulle liefde teenoor mekaar is aansteeklik (vs 3). H
- y sien dat hulle onder moeilike omstandighede in die geloof volhard en hy vertel dit in ander gemeentes van God (vs 4). H
- y prys hulle vir die doelgerigtheid in die lewe, waardeur hulle die versekering het dat hulle in alles oorwinnaars is (vs 6-10). H

Met dié woorde neem hy hulle verder. Hy maak dit duidelik dat hy God nie alleen *dank* oor hulle geloof nie, maar ook vir hulle *bid* – hulle as't ware in sy almagshande neerlê. Hy bid dat hulle sal beleef dat God hulle geroep het. Nou moet die werk van God sigbaar en volkome in hulle lewe word (vs 11). Die uiteindelijke doel hiervan is dat die Naam van Jesus Christus verheerlik kan word (vs 12).

Hiermee bemoedig en motiveer Paulus ook jou en my. Sy gedrag word 'n dryfkrag in my lewe. Sy gebed is juis dat die Naam van Jesus Christus in my lewe verheerlik sal word. Dit gebeur waar ek en jy as verlose en geregverdigde kinders van God ons geloof daad maak. Met my geloof kan ek in gebed my in die arms van die Here werp om só ander se oë oop te maak. Saam kan ons dan die werk van ons Here Jesus Christus in ons lewens duidelik raaksien en al die eer aan Hom gee.

Sing: Psalm 66:7 (1936)

Ds. MJ Smidt (Ficksburg)